# KINDERKERK LES: Vrugte van die Gees – Getrouheid en Nederigheid

**Doel van les:**

Ons sluit vanaand af met die Vrugte van die Gees en ons gaan gesels oor Getrouheid en Nederigheid.

## Getrouheid

**Benodighede:** Blinddoeke, ‘n paar goed om te gebruik as hindernisse/obstacles en ‘n stoel.

**Aktiwitiet:** Kry ‘n paar kinders om die blinddoek(e) aan te sit sodat hulle niks kan sien nie. Verseker hulle dat jy hulle nie sal laat seerkry of laat val nie. Laat hulle uitgaan uit die vertrek indien moontlik en stel dan ‘n hindernisbaan op. Laat een kind op ‘n slag in die vertrek inkom. Slegs deur instruksies te gebruik, met ander woorde, moenie hulle lei aan die skouer, arm of so iets nie, lei hulle deur die hindernis. Laat iemand die stoel plaas daar waar jy die kinders gaan laat stop/stilstaan, maar moenie dat hulle weet van die stoel of dat hulle naby aan dit is nie. Gesels ook vooraf met die res van die groep dat hulle niks moet sê nie. Leiers kan dalk agter die stoele staan om seker te maak dit is naby genoeg aan die kinders wanneer hulle gaan sit. Soos jy die kinders een vir een deur die hindernis lei op hul beurt, laat hulle gaan staan voor die stoel(sonder om aan dit te raak), omdraai en sê dan vir hulle om te sit.

**Sê:** Wat beteken dit om getrouheid te hê, met ander woorde, wanneer iemand sê jy is getrou, wat beteken dit? (Kry terugvoering)

Getrouheid is: As ek sê ek gaan iets doen, dan doen ek dit en dit beteken ook dat ek as kind van God altyd die regte ding sal doen. Dis soos ons nou gesien het met die aktiwiteit. Ek het vir hulle gesê om my te vertrou dat ek hulle nie sal laat seerkry terwyl ek hulle deur die hindernis lei nie, en ek was getrou deurdat ek dit gedoen het. Daarom het ek getrouheid. As ek iemand aspris laat seerkry het, is ek getrou aan dit wat ek gesê het?(Wag vir terugvoering) Nee, natuurlik nie.

- Goed, so wie kan nou vir my nog voorbeelde gee van getrouheid? (Wag vir terugvoering)

**Voorbeelde:**

- Jy sê vir mamma jy gaan jou kamer skoonmaak. Sy vertrou jou om te doen wat jy sê jy gaan doen en jy is getrou deur te doen wat jy gesê het jy gaan doen.
- Ek en tannie Juanita is met mekaar getroud. Ek vertrou die tannie dat sy nie ‘n ander man sal vat nie en sy vertrou my dat ek nie ‘n ander vrou sal vat nie, en ons doen dit ook so. Daarom kan ons sê ons is aan mekaar getrou.
- God vertrou ons om na Hom te luister en te doen wat Hy sê. Ons moet getrou wees om dit te doen. Onthou, die dag wanneer jy jou hartjie vir Jesus gee, belowe jy dat jy sal doen wat Hy van jou vra.

- Nou hoe kan ons sê, hoe is God getrou aan ons? (Wag vir terugvoering)

**Voorbeelde:**

- God sal nooit Sy liefde van jou af wegvat nie
- God sal nooit jou alleen los nie, maak nie saak hoe alleen jy mag voel nie.
- God sal nooit vir jou jok nie, met ander woorde, Hy sal nooit iets aan jou belowe en dit nie doen nie

**Verhaal van Noag:**

Ek wil julle net ‘n kort storie vanaand vertel van ‘n man wat die vrug van getrouheid gehad het, en ek weet julle ken hom goed. Sy naam was Noag. Noag was ‘n kind van God en het gedoen wat God van hom vra.

God het eendag vir Noag gesê daar gaan baie reën val. Noag het nie geweet wat reën is nie, want tot op daardie tyd het daar nog nie reën op die aarde geval nie. God vertel toe vir hom wat reën is en waar dit vandaan gaan kom.

- Weet julle dalk waar reën vandaan kom? (Wag vir terugvoering)

Ja, reën kom uit die hemel, uit die wolke uit. God vertel Noag toe verder dat die hele aarde onder water gaan wees.

- Wat dink julle moes Noag toe doen? (Wag vir terugvoering).

Ja, Noag moes ‘n boot bou, ‘n ark.

- Behalwe die baie reën wat gaan val, hoekom moes hy die boot/ark bou? (Wag vir terugvoering)

Ja, sodat twee diere van elke soort in die boot/ark kon ingaan en nie verdrink nie. Ek dink nie Noag het regtig verstaan wat gaan gebeur nie, maar hy het God vertrou en gesê hy sal die boot/ark bou. Noag het toe begin bou aan die ark. Hy is geterg deur sy bure omdat hy ‘n boot op droeë grond bou, ver van enige riviere of die see, maar hy het dit steeds gedoen. Jare later (ja, dit het lank gevat om so groot boot te bou) was hy klaar met die boot/ark. Hy was getrou op sy woord. Hy het gesê hy sou dit doen en hy het.

- Wat dink julle het toe gebeur? (Wag vir terugvoering)

Hy en sy familie en die diere het in die ark ingegaan en God het die deur agter hulle toegemaak. En toe het dit begin reën . Die hele aarde is na veertig dae en veertig nagte onder water gewees. Sien, ook God het gedoen wat Hy gesê het Hy gaan doen. Hy het gesê daar gaan reën kom en daar het. God sal vir altyd getrou bly.

So, volgende keer as jy sê jy gaan iets doen vir iemand, dan doen jy dit. Wees getrou aan jou woord.

**Benodighede:** Groterige kombers wat die grootste (langste) kind in die groep van kop tot tone kan bedek.

**Aktiwitiet:** Laat al die groepe opstaan en deurmekaar meng in die vertrek. Stel hulle dan so op dat hulle rye maak wat agtermekaar staan. Met ander woorde, rye is nie in die lengte af van die vertrek nie maar die breedte, en almal kyk vorentoe. Vra vir al die kinders om hulle oë styf toe te maak. Verduidelik dat as iemand aan hul skouer raak moet hulle hul oë oopmaak en vorentoe beweeg waar hulle onder die kombers geplaas gaan word. Terwyl hulle oë toe is, laat ‘n leier dan deur die rye loop en een kind op die skouer raak. Die kind beweeg vorentoe en word bedek met die kombers. Die res van die kinders word dan gesê om hul oë oop te maak. Nou moet hulle rond kyk in die vertrek om vas te stel wie is onder die kombers. As hulle reg raai, begin die aktiwiteit van voor af. Herhaal so paar maal. Na ‘n tyd mag van die kinders wil ‘cheat’ en hul oë effens oop hou. Die doel is dat die kinders vertrou word om hul oë toe te hou soos vooraf ooreengekom is. Met ander woorde, hulle het gesê hulle sal hul oë toe hou. Doen hulle dit?

## Nederigheid

**Benodighede: '**n Klip (vuis grootte), 'n spons (twee hande groot) en 'n plastiek glas.

**Aktiwitiet:** Verduidelik dat ons almal moet probeer om in God se perfekte plan te pas (hou die plastiek glas op). Deel van God se plan is dat ons vir mekaar moet lief wees en mekaar mooi moet behandel. Om te besef dat niemand beter is as 'n ander is nie. So, om mekaar lief te hê moet ons 'n sagte hart hê wat vol nederigheid is (hou die spons op). Trots is wat ons harte hard maak vir ander (hou die klip op). Trots is persies die teenoorgestelde van nederigheid. Trots is om jouself bo ander mense te sit en te dink jy is beter as hulle. Trots, met ander woorde die hart van klip kan nie inpas in die plan van God nie. Wys dat die klip nie inpas nie. Met ander woorde, daar is geen plek in God se plan vir iemand met trots in hulle harte en wat nie omgee vir ander nie. As ons harte sag is en vol nederigheid is, kan ons met 'n bietjie werk en moeite wel in God se plan inpas en mekaar liefhê soos Hy van ons verwag. Druk nou die spons in die glas in tot dit heeltemal in is.

**Sê:** Goed dan, wie wil probeer om vir ons te vertel wat nederigheid is? (Wag vir terugvoering)

Nederigheid is nie om minder VAN jouself te dink nie, maar minder AAN jouself te dink. Met ander woorde, wat ander mense nodig het, is vir jou belangriker as dit wat jy nodig het. As jou hart sag is soos die spons, dan het jy nederigheid, maar as jy 'n hart van klip het, het jy te veel trots.

Ek gaan julle 'n ander verhaal vertel van iemand in die Bybel, en ek weet julle ken Hom. Sy naam is Jesus.

- Wie kan vir my sê wie Jesus is? (Wag vir terugvoering)

Ja, Jesus is die Seun van God. Hy is ons Koning. Hy het vir ons aan die kruis gesterf en Hy het weer drie dae later opgestaan uit die dood uit.

- "Imagine" iemand kom na jou toe en sê vandag is jou laaste dag hier waar jy bly saam met al jou maatjies en familie, want more trek jy weg na 'n ander stad ver van hier af. Wat sal jy doen met jou tyd? (Wag vir terugvoering)

Ek sal kuier saam met my vriende en familie tot laat in die nag. Wel, die aand voordat Jesus aan die kruis sou sterf, het Hy iets baie "wow" gedoen. Hy het ons van nederigheid geleer. Hy en Sy dissipels het geëet en toe almal klaar is en rond sit en gesels, het Jesus 'n bak water geneem en Sy dissipels se voete begin was. Verbeel jou dit!! Jesus het nie aan die dinge gedink wat binnekort met Hom sou gebeur nie. Hy wou vir oulaas iets wys vir Sy dissipels en vir ons. Dit was om die minste te wees. Net omdat Hy God se Seun is, het Hy nie gedink Hy was TE goed om mense se voete te was nie.

- As ek nou my skoene en kouse uittrek, wat ek die hele dag lank al mee rondloop, wie hier sal my voete wil was? (Wag vir terugvoering, maar moenie iets positiefs verwag nie )

Ek weet ook nie of ek sal nie, so ek sal dit nie van julle verwag nie. En tog, Jesus vra ons elkeen om juis die minste te wees. Om nie te dink ons is beter as ander mense nie. As Hy dit gedoen het, wat maak my en jou te goed om dit te doen?

**Benodighede:** Inkleur prent van Jesus wat Sy dissipels se voete was.

**Aktiwitiet:** Kleur prentjie in.

Sluit af in groepe met gebed.

